



## Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap  
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 12 Augustus 2021

### Gedagte van die week:

For God's building we need the humanity of Jesus.

### Vertrekpunt:

Matteus 11:16-30

### Meditasie uit die teks:

As my beste vriend een oggend ander mense stuur om namens hom vir my te kom sê dat hy oor my wonder, en dat hy nou twyfel of ek is wie ek sê dat ek is, dan sal ek baie ontsteld wees, mettertyd kwaad raak en dan mag ek dalk my dierbare hond skop al het hy niks verkeerd gedoen nie. In die teks van die week ontmoet ons die menslikheid van Jesus wanneer Hy, na sy slegte ervaring met Johannes die Doper, in moedelose desperaatheid sy pogings om die kerk van destyds te vernuwe vergelyk met kinders wat weier om saam te speel, maak nie saak watter speletjie jy ookal aanbied nie. Die moedelose desperaatheid gaan mettertyd oor in 'n verbale uitbarsting teenoor die Joodse volk van Gorasin, Betsaida en Kapernaum, waarin hy hulle afmaak as slegter as die heidene van Tirus en Sidon en selfs as die stoute mense van Sodom. Dit is dubbele beledigings van die ergste graad. Ek verstaan dit wanneer ek hoor dat "kerkmense" se geliefste ervarings van kerkwees is nie noodwendig ontmoetings met God deur die Woord nie, maar ander "side-shows". Dan wonder ek mos nou wat moet 'n mens nog preek, en wat moet 'n mens nog doen, om mense te leer dat die kerk van die Here **eers** oor 'n ontmoeting met God gaan en daarna oor ander dinge. Dit is in sulke oomblikke dat jy woorde gebruik wat maar kon gebly het omdat jy moeg is om weer nederig en sagmoedig te buig voor die kammakerk en lekkerkerk. Genadiglik keer Jesus Homself na sy uitbarsting dadelik tot gebed en kom die ware Jesus terug in verse 28-30 waar ons Hom ontmoet as die roepende, uitnodigende, sagmoedige, nederige Here wat vir Gorasin, Betsaida en Kapernaum maar weer en weer nooi: "Kom na My toe ..." En dan weet ek dat ek ook weer via gebed, Goddelik hervorm moet word, en teruggebring moet word na, "Kom ons probeer weer". So kom ons probeer weer!

### Youtubeskakel:

Ons gaan nie Sondag 15 Augustus 2021 'n reisgesprek in die kerkgebou hou nie. Jy kan wel die reisgesprek op Youtube luister by <https://youtu.be/EyvI9IWWTMo>

### Meditasie uit die lewe

September was deur die jare aan die een kant 'n tyd vir gesellige saamwerk/samesyn geleentheid, en aan die ander kant 'n redelike groot fondsinsameling, wat die afgelope drie jaar 'n gemiddelde netto inkomste van R 350 000 gerealiseer het. **Vanjaar sal ons nie kermis kan hou nie, net soos wat daar ook nie interskoles en matriekafskeide gehou word nie.** 'n Mens kan hieroor kwaad wees en kla, of 'n mens kan die geleentheid gebruik om iets nuuts te vestig. Ons kies om te **droom oor 'n nuwe moontlikheid**. Hier is die droom wat jy óf kan saamdroom óf kan verwerp. **Dit bly mos elkeen se keuse.**

1. Kom ons bring almal saam ons kant in die volgende weke tot 14 September en maak 'n bydrae **via EFT of 'n kontantinbetaling by die kerkkantoor**. As ons gemiddeld R 350 000 per jaar ingesamel het en dit deel deur ongeveer 200 "lewendige" besoekpunte beteken dit dat elke besoekpunt R 1750 bygedra het. Nie elke besoekpunt kan R 1750 bekostig nie, veral nie in die huidige ekonomie nie. Ons weet wel dat daar van ons is wat meer en selfs baie meer as R 1750 kan bekostig, ten spyte van die huidige ekonomie. Dit is die wonder van 'n geloofsgemeenskap dat diegene wat baie het, diegene wat min het, help, en dat diegene wat sterk is, diegene wat swak is, help. Saam is ons sterker en beter. So die R 1750 is maar net 'n riglyn van waarvandaan elkeen óf afwaarts óf opwaarts 'n aanpassing kan maak.
2. Ons sal die vrymoedigheid neem om julle op 22, 29 Augustus en 5 September 2021 weer hieraan te herinner via whatsapp en epos. Ons sal dit hopelik nêr genoeg doen om effektief te wees. Ons wil graag dat alle bydraes inbetaal sal wees op Dinsdag 14 September 2021. Op Sondag 19 September 2021 sal ons dan via die reisgesprek aan julle terugvoer gee oor hoe dit verloop het.

Hier volg die gemeente se rekeningbesonderhede:

Naam van Rekening: **NGK Agter-Paarl**; Bank en Tak: **ABSA Paarl (334210)**; Tipe Rekening: **Tjek**  
Rekeningnommer: **400580014**; Verwysing: **Dankie 21**

- Ons stel nie belang om te weet wie betaal wat nie! Ons vergelyk nie bydraers en hulle bydraes met mekaar nie. Niemand weet of en wat jy gee nie ... dit is tussen jou en die Een vir wie jy gee.
3. Die droom gaan verder en hoër en mooier! Wanneer ons wel weer mag byeenkomste hou, en ons het ons doelwit van ongeveer R 350 000 gehaal, sal ons 'n **ALLES-VERNIET-NET-GENIET-KUIER** hou. Geen verwisseling van geld nie, geen spanning oor inkomste en uitgawe nie. 'n Heerlike kuier geborg deur die gemeente vir die gemeente. Dan kuier ongelykes (ryk en arm) op 'n gelyke manier saam. Miskien getuig ons dan na die tyd dat COVID-19 ons gehelp het om meer Bybelgehoorsaam te wees. Hopelik werk alles só mooi uit dat ons in 2020 en 2021 'n **goeie gemeente-gewoonte** gevestig het vir die toekoms. Hopelik ontdek ons dat daar tog beter maniere van doen is as 'n mens jou net oopstel daarvoor. In die beeld van Jesus se gelykenis oor die kinders op die markplein: "Kom ons speel die nuwe speletjie ... toe, asseblief!"

**Dankie** dat jy gelees het. Dankie vir jou begrip en dat jy met 'n **goeie gesindheid** sal reageer. Mooi loop!

**As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbriëf" na [ngkagterpaarl@telkomsa.net](mailto:ngkagterpaarl@telkomsa.net) of [nortierjohannes6@gmail.com](mailto:nortierjohannes6@gmail.com)**